

# Jongensfontein
# 19 tot 21 Februarie 2010

Daar is lede wat gelukkig is, en daag al Sondag 14 Februarie 2010 by Jongensfontein op. Ander weer begin al van Woensdag af opdaag. 28 lede trek weereens saam om hier te kom ontspan. Dit is ook ons gebruiklike marktafel naweek en yskaste en vrieskaste bars uit hul nate van al die heerlikhede wat te koop aangebied sal word. Van vroeg Saterdag oggend is dit ‘n geskarrel om alles bymekaar te kry vir die verkope.

Dit is tent opslaan en gazebo’s waaronder die verkope sal plaasvind. Ken kondig oor die klankstelsel van die oord aan dat die kampeerders gerus vir ons kan kom ondersteun by ons marktafel. Daar was afval, en jafels, pannekoek en sosaties en nog regte “bazaar poeding”!



Carl, Pam en Susan beman die panne terwyl Leon en Roelf wag om die kaneelsuiker op die Pannekoeke te strooi en op te rol!




Retha, Shirley bak Jafels!!!! Corrie hou toesig.



Tannie Lenie wys dat die Afval op is! Jan wys dat hy lekker aan die laaste afval eet!!!!

Karl-Heinz en Thinus kon nie voorbly om Hoender en Lam sosaties te braai nie.






Hierdie boemelaar weet elke jaar waar Klein Karoo sy marktafel hou! Dit wil egter voorkom of die resessie die boemelaar nie goed gesind was nie!



Dupie ontspan in die koelte van die boom!!

Die “poeding” tafel!



‘n Man moet darem op hoogte bly van wat in die wêreld aangaan al span jy uit!!Oom Danie lees die koerant!





Die museum op Jongensfontein wat die geskiedenis van die plekkie uitbeeld.

Thys en Bettie, stigters lede van Klein Karoo het 100 Algemeen behaal.  Thys sê dit het hom 22 jr geneem om die mylpaal te bereik.





Faan en Etta met 80 Streek aansporing.



Brian en Elize met 10 Streek aansporing.




Karl-Heinz oorhandig die SAWA oord aanprysingsbord aan Ken van Eck, Jongensfontein se oord bestuurder.

Roelf en Susan het 20 Streek aansporing ontvang maar het nie gestaan vir foto nie.



Hendrik en Retha ons kampkommandante van die naweek.

Te vinnig was dit tyd om die tent af te slaan!





"Niemand is lus om nou al huis toe te gaan nie"!!!!!